# Afrikaanse skrywers

## in die nuwe millennium

PIETER HUGO
**Streekbibliotekaris, Beaufort-Wesstreek**

Wie onthou nog die verskriklike vrese vir die millenniumgogga op pad na 2000? Gelukkig was al die vrese ongegrond en het die wêreld se rekenaars nie in duie gestort nie. Dus kon skrywers ook volspoed voortgaan om boeke op hulle rekenaars uit te hamer. Gekyk na die groot oes Afrikaanse boeke wat in die nuwe millennium verskyn het, is dit duidelik dat dit eerder die skrywersgogga as die millenniumgogga is wat gebyt het.

Daar het inderwaarheid so 'n magdom boeke in Afrikaans verskyn die afgelope sewe jaar dat hierdie artikel nie alle genres kan omvat nie. Die baie gewilde genre van ontspanningsleesstof, insluitend die talle vertalings wat die afgelope jare in Afrikaans verskyn het, kom nie hier aan die beurt nie. So ook nie die vele baie interessante nie-fiksie en kinder- en jeugboeke nie. Die fokus hier is op literêre Afrikaanse boeke, met insluiting van sommige van die boeke uit die 'grys gebied' tussen literêre en ontspanningsleesstof.

Hierdie artikel is 'n poging om tendense van die afgelope paar jaar uit te lig. Aan die einde is daar 'n lys van al die boeke waarna verwys is, asook enkele ander van belang wat sedert 2000 verskyn het.

### Wie het gedebuteer?

In die prosa- romangenre was die uitstaande debute Manie de Waal met **Trips**, Marlize Hobbs met **Flarde**, Kleinboer met **Kontrei**, Elbie Lötter met **Dis ek, Anna**, Jackie Nagtegaal met **Daar's vis in die punch**, Dana Snyman met **Uit die binneland**, Pat Stamatelos met **Kroes** en Fanie Viljoen met **Breinbliksem**. Verskeie van die boeke is bekroon met pryse. Hobbs se **Flarde** selfs met meer as een prys.

In die poësiegenre was die debute wat aandag getrek het, Martjie Bosman met **Landelik**, Marius Crous met **Brief uit die kolonies**, Sarina Dönges met **In die tyd van uile**, Danie Marais met **In die buitenste ruimte** en Ilse van Staden met **Watervlerk**.

Van Staden ontvang verskeie pryse en haar bundel word as volg beskryf: '**Watervlerk** is die belangrikste en belowendste debuut op die gebied van die poësie van die afgelope dekade en meer.' (Kannemeyer).

### Uitstaande temas

Die eerste vier opvallende temas in die Afrikaanse literatuur van die nuwe millennium kan seker losweg in verband gebring word met die feit dat dit die era na die Mandela-wittebroodsjare van die Nuwe Suid-Afrika verteenwoordig, maar ook dat dit nog maar omtrent 'n dekade sedert die einde van die apartheidsera is.

Die temas ter sprake is *die geskiedenis*, *die huidige Nuwe Suid-Afrika*, *toekomsvisies* en *Suid-Afrikaners in die buiteland*: **Agaat** (Van Niekerk); **Kroes** (Stamatelos); **'n Stringetjie blou krale** (Dido); **Uit die binneland** (Snyman); **Die uitgespoeldes** (Matthee); **Vaselinetjie** (Von Meck); **Vyfmylpaal** (Opperman), en andere, het almal tot 'n mindere of meerdere mate die apartheidsera as tema of agtergrond. Die dramatiese verandering in Suid-Afrika word uitstekend weerspieël in die publikasiegeskiedenis van **Kroes**. Die manuskrip is reeds twintig jaar gelede voltooi, maar in daardie apartheidstydgees het geen uitgewer kans gesien om dit te publiseer nie. Ander boeke met 'n *historiese* inslag is **Eilande** (Sleigh) en **Pieternella van die Kaap** (Matthee), wat beide in die vroeë Kaap afspeel en boonop sommige historiese karakters deel; **Bidsprinkaan** (Brink) wat vroeë Khoi en San gegewens en mites hanteer; **Niggie** (Winterbach) wat in die Anglo-Boereoorlog afspeel; **Die swye van Mario Salviati** (van Heerden) wat deels afspeel in die tydperk van die Tweede Wêreldoorlog met die Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika; en **Slagoffers** (Van Zyl) wat in die Angola van die 1980's afspeel, maar anders as die grensoorloggenre wat in die 80's ontstaan het, het ons hier 'n vroulike verslaggewer se perspektief. Laastens is daar ook 'n drietal wat met historiese Namibiese karakters en gegewens werk, naamlik **Anderkant die stilte** (Brink); **Jacoba Afrikaner** (Maartens); en **Jonker Afrikaner** (Kotze).







Boeke waarin die *Nuwe Suid-Afrika* 'n belangrike rol speel, is: **Donkermaan** (Brink); **Flarde** (Hobbs); **In stede van die liefde** (Van Heerden); **Infanta** (Meyer); **Kleur kom nooit alleen nie** (Krog); **Moltrein** (Roodt); **Die onsigbares** (Dido); **Orion** (Meyer); **'n Pawpaw vir my darling** (Goosen); **Proteus** (Meyer); en **Uit die binneland** (Snyman).

Min hoop en baie donkerte word voorspel in die onheilspellende *toekomsvisies*: **Horrelpoot** (Venter); **Miskruier** (Botha); en **Raka - die roman** (Kombuis).

*Suid-Afrikaners in die buiteland* kom aan die beurt in: **Bestemmings** (Van der Vyver); **Die hart van ons huis** (Van der Vyver); **Horrelpoot** (Venter); **In die buitenste ruimte** (Marais); **Moltrein** (Roodt); **Stiltetyd** (Van der Vyver); en **Trips** (De Waal).




Die *gemarginaliseerde buitestander* sluit tot 'n mate aan by bogenoemde temas. Enkele titels wat hier genoem kan word is: **Afstande** (Malan); **Flarde** (Hobbs); **Horrelpoot** (Venter); **In die buitenste ruimte** (Marais); **Kroes** (Stamatelos); **Moltrein** (Roodt); **'n Stringetjie blou krale** (Dido); **Die swye van Mario Salviati** (van Heerden); **Horrelpoot** (Venter); **Trips** (De Waal); en **Die uitgespoeldes** (Matthee).

Boeke wat handel oor *aftakeling, afskeid, verlies* of die *dood*: **Die aandag van jou oë** (Müller); **Agaat** (Van Niekerk); **Niggie**

⇨

# Afrikaanse skrywers

## in die nuwe millennium

(Winterbach); **Stiltetyd** en **Vergenoeg** (beide Van der Vyver); en **Verweerskrif** (Krog). 'n Mens sou hierby kon voeg, **Dis ek, Anna** (Lötter), wat handel oor emosionele en sielkundige aftakeling en verlies weens kindermolestering.

In die *spanning-speurroman* genres is hier 'n goeie vonds van 'n handvol boeke wat uitstyg bo die blote vlak van ontspanningsleesstof: Twee boeke wat beskryf sou kon word as 'intellektuele spanningsromans' is **Akwarium** (Van Rooyen) en **Equatoria** (Dreyer). Terloops, beide **Equatoria** en Venter se **Horrelpoot** voer intertekstuele gesprekke met Joseph Conrad se klassieke **In the heart of darkness**. Dit is egter in die genre van die speurroman waar Deon Meyer werklik homself telkens oortref. Met **Orion, Proteus** en **Infanta** '…stoot (hy) die peil van die Afrikaanse speurroman op tot 'n voorheen ongekende peil en behaal hy…deur die vertalings in Engels internasionale bekendheid.' (Kannemeyer). Francois Bloemhof se **Spinnerak** verdien vermelding omdat hy daarin die eerste vrouespeurder aan Afrikaans gee.

'n Verdere handvol wyd uiteenlopende boeke, geskryf vanuit 'n *kinder/tienerperspektief* het om verskillende redes aandag getrek: Fanie Viljoen se debuut, **Breinbliksem**: tienerverkragting en -moord sonder om in die strik van moralisering te trap. Die jeugdige Jackie Nagtegaal met haar **Daar's vis in die punch**, geskryf in 'n 'Engfrikaanse tussentaal' (Kannemeyer). Francios Bloemhof se **Nie vir kinders nie**: manlike tienerprostitusie. Jan van Tonder se **Roepman**: perspektief van 'n dertienjarige seun in die 1960's. Anoescha von Meck se **Vaselinetjie**: pleegsorg, die lewe in 'n kinderhuis en die ewige Suid-Afrikaanse rasseverhoudinge.

Dit bring ons by die groep boeke waar *seks* of *erotiek* 'n belangrike tema is: **Die brandende man** (Van Rooyen); **Griet kom weer** (Van der Vyver); **Hittegolf** (Aucamp); **Kontrei** (Kleinboer); **Moltrein** (Roodt); en **Voor ek vergeet** (Brink).

Twee puik digbundels van twee ware veterane staan tematies teenoor mekaar ten opsigte van *geloof* en *ongeloof*: **Jerusalem tot Johannesburg** (De Villiers), teenoor **Satan ter sprake** (Walters).

'n Hele aantal boeke is bedoeld of vermoedelik *outobiografies*: Die bedoelde biografieë is **Die laaste Afrikaanse boek** (Schoeman); **Seks & drugs & boeremusiek** (Kombuis), '…'n skreeusnaakse, tragi-komiese pseudo-outobiografie'; en **'n Wonderlike geweld** (Joubert). Boeke met *outobiografiese elemente* of *vermoede ondertone* is: **Dis ek, Anna** (Lötter); **Flarde** (Hobbs); **Geknipte naelstring** (Lombard); **Die hart van ons huis** (Van der Vyver); **In die vroegte** (Aucamp); **Kontrei** (Kleinboer); **Kroes** (Stamatelos); **Toewaaisand** (Coetzee); **Uit die binneland** (Snyman); en **Voor ek vergeet** (Brink).


Die meerderheid van die boeke wat met *humor* speel, is redelik aan die donker kant van die humorspektrum: **'n Pawpaw vir my darling** (Goosen); **Raka - die roman** (Kombuis); **Satan ter sprake** (Walters); **Seks & drugs & boeremusiek** (Kombuis); **en Stinkafrikaners** (Dreyer). *Ligter humor* is wel te vind in die puik situasie- en karakterbeskrywings in **Die hart van ons huis** (Van der Vyver) **en Uit die binneland** (Snyman).

*Kortverhale en essays* word verteenwoordig deur: **Afrikaans my darling** (Kombuis); **Bestemmings** (Van der Vyver); **Bly te kenne** (Aucamp); **Broodsonde** (Botes); **Die dieper dors** (Kombuis); **Die hart van ons huis** (Van der Vyver); **In die vroegte** (Aucamp); **My mamma is 'n taal** (Kombuis); **Nawelstring** (Botes); **Ook skaduwees laat spore** (Aucamp); **Skuinslig** (Aucamp); **Die stilte na die boek** (Van Heerden); en **Uit die binneland** (Snyman).




### 'n Laaste woord

Dun ys voorwaar, maar, ter afsluiting is dit die moeite werd om dit te waag. Om net sewe werklik *uitstaande boeke* uit te sonder uit die afgelope sewe jaar se oes. My lys bevat vyf romans, een digbundel en een dramabundel. In alfabetiese volgorde, soos dit 'n bibliotekaris betaam, is hulle: Andre P Brink se **Bidsprinkaan**, 'Ongetwyfeld 'n hoogtepunt in Brink se oevre.' (Kalahari.net); Koos Kombuis se **Raka - die roman**, 'In 'n skerp satire met baie donker ondertone beeld Kombuis die verval van die Afrikaanse samelewing uit.' (Kalahari.net); Deon Opperman se **Vyfmylpaal**, 'een van die indrukwekkendste prestasies van die Afrikaanse dramaliteratuur in die laaste twee dekades' (Kannemeyer); Henning Pieterse se **Die burg van Hertog Bloubaard**, 'een van die belangrikste Afrikaanse digbundels van die afgelope tyd.' (Kannemeyer); Dan Sleigh se **Eilande**, 'een van die indrukwekkendste Afrikaanse romans.' (Kannemeyer); Ettienne van Heerden se **Die swye van Mario Salviati**, 'een van die belangrikste romans in die hedendaagse Afrikaanse literatuur' (Kannemeyer); Marlene van Niekerk se **Agaat**, "n magtige greep op 'n hele stuk lewe van twee individue én 'n hele fase in die geskiedenis van die Afrikaners' (Kannemeyer).




Mag die gevolg van al hierdie skrywersgoggas wat gebyt het, wees dat die boekwurms nou met mag en mening in hierdie boeke invaar.




### Bronne


Kannemeyer, JC. **Die Afrikaanse literatuur 1652-2004**.- Human & Rousseau, 2005.

Van Coller, HP. **Perspektief & Profiel, 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Deel 3**.- Van Schaik Uitgewers, 2006.

Kalahari.net


### Boeklys


#### Drama

Opperman, Deon. **Vyfmylpaal**.- Protea Boekhuis, 2004.

#### Poësie

*Debute*

Bosman, Martjie. **Landelik**.- Protea Boekhuis, 2002.






Crous, Marius. **Brief uit die kolonies**.- Protea Boekhuis, 2003.

Dönges, Sarina. **In die tyd van uile**.- Protea Boekhuis, 2004.

†Marais, Danie. **In die buitenste ruimte**.- Tafelberg, 2006.

Van Staden, Ilse. **Watervlerk**.- Tafelberg, 2003.

*Veterane*

Aucamp, Hennie. **Dryfhout: 40 verse**.- Tafelberg, 2005.


Aucamp, Hennie. **Hittegolf**.- Homeros, 2002.

†Cussons, Sheila. **Versamelde gedigte**.- Tafelberg, 2006.

De Villiers, IL. **Van Jerusalem tot Johannesburg**.- Tafelberg, 2005.

Kotze, Willem D. **Stemme uit die Kalahari**.- Print24.com, 2004.

Krog, Antjie. **Kleur kom nooit alleen nie**.- Kwela, 2000.




Krog, Antjie. **Verweerskrif**.- Umuzi, 2006.

Lombard, Kobus. **Geknipte naelstring**.- Protea Boekhuis, 2001.

*Malan, Lucas. **Afstande**.

Marais, Johann Lodewyk. **Plaaslike kennis**.- Protea Boekhuis, 2004.

Müller, Petra. **Die aandag van jou oë**.- Tafelberg, 2002.

Pieterse, Henning. **Die burg van hertog Bloubaard**.- Tafelberg, 2000.

Rousseau, Ina. **Die stil middelpunt**.- Human, 2003.

Van Rooyen, PH. **Goedsmoeds**.- Protea Boekhuis, 2002.

Walters, MM. **Satan ter sprake**.- Protea Boekhuis, 2004.

## Prosa

*Debute*

De Waal, Manie. **Trips**.- Human, 2003.




Hobbs, Marlize. **Flarde**.- Genugtig!, 2005.

Kleinboer. **Kontrei**.- Praag, 2003 (2004 druk).

Lötter, Elbie. **Dis ek, Anna**.- Tafelberg, 2004.

Nagtegaal, Jackie. **Daar's vis in die punch**.- Tafelberg, 2002.

Snyman, Dana. **Uit die binneland**.- Human, 2005.

Stamatelos, Pat. **Kroes**.- Kwela, 2005.

Viljoen, Fanie. **BreinBliksem**.- Tafelberg, 2005.

*Veterane*

Aucamp, Hennie. **Bly te kenne**.- Tafelberg, 2001.

Aucamp, Hennie. **In die vroegte**.- Tafelberg, 2003.

Aucamp, Hennie. **Ook skaduwees laat spore**.- Tafelberg, 2000.

Aucamp, Hennie. **Skuinslig**.- Lapa, 2003.

Bloemhof, Francois. **Nie vir kinders nie**.- Tafelberg, 2005.




†Bloemhof, Francois. **Spinnerak**.- Lapa, 2006.

Bloemhof, Francois. **'n Tweede asem vir Jan A**.- Human, 2001.

†Botes, Annelie. **Broodsonde**.- Tafelberg, 2006.

Botes, Annelie. **Nawelstring**.- Lapa, 2002.

Botes, Annelie. **Raaiselkind**.- Tafelberg, c2001 (2002 druk).

Botha, Jaco. **Miskruier**.- Human, 2005.

Brink, Andre P. **Anderkant die stilte**.- Human, 2002.

Brink, Andre P. **Bidsprinkaan**.- Human, 2005.

Brink, Andre P. **Donkermaan**.- Human, 2000.

†Brink, Andre P. **Met 'n glimlag**.- Human, 2006.

Brink, Andre P. **Voor ek vergeet**.- Human, 2004.

Coetzee, Christoffel. **Toewaaisand**.- Protea Boekhuis, 2003.

Dido, EKM. **Die onsigbares**.- Kwela, 2003.

Dido, EKM. **'n Stringetjie blou krale**.- Kwela, 2000.

†Dreyer, Tom. **Equatoria**.- Tafelberg, 2006.

Dreyer, Tom. **Stinkafrikaners**.- Tafelberg, 2000.

Goosen, Jeanne. **'n Pawpaw vir my darling**.- Kwela, 2002.

Joubert, Elsa. **'n Wonderlike geweld**.- Tafelberg, c2005.

Kombuis, Koos. **Afrikaans my darling**.- Human, 2003.

*Kombuis, Koos. **Die dieper dors**.

Kombuis, Koos. **My mamma is 'n taal**.- Human, 2001.

Kombuis, Koos. **Raka - die roman**.- Human, 2005.

Kombuis, Koos. **Seks & drugs & boeremusiek**.- Human, 2000.

Kotze, Willem D. **Jonker Afrikaner, kaptein van die oorlogsmense**.- Out of Africa, 2002.

Kotze, Willem D. **Kalahari-kind**.- Protea Boekhuis, 2003.

Kotze, Willem D. **Vlam van die vuurklip**.- Gamsberg, 2000.

Maartens, Maretha. **Jacoba Afrikaner**.- Tafelberg, 2001.

Matthee, Dalene. **Pieternella van die Kaap**.- Tafelberg, 2000.

Matthee, Dalene. **Toorbos**.- Tafelberg, 2003.

Matthee, Dalene. **Die uitgespoeldes**.- Penguin, 2005.

Meyer, Deon. **Infanta**.- Lapa, 2004.

Meyer, Deon. **Orion**.- Human, 2000.

Meyer, Deon. **Proteus**.- Human, 2002 (2004 druk).

Pieterse, Pieter. **Manaka - plek van die horings**.- Human, 2005.

Roodt, Dan. **Moltrein**.- Praag, 2004.

Schoeman, Karel. **Die laaste Afrikaanse boek**.- Human, 2002.

Sleigh, Dan. **Eilande**.- Tafelberg, 2002.

Van der Vyver, Marita. **Bestemmings**.- Tafelberg, 2005.

Van der Vyver, Marita. **Griet kom weer**.-Tafelberg, 2001.

Van der Vyver, Marita. **Die hart van ons huis**.- Tafelberg, 2004.

†Van der Vyver, Marita. **Stiltetyd**.- Tafelberg, 2006.

Van der Vyver, Marita. **Vergenoeg**.- Tafelberg, 2003.

Van Heerden, Etienne. **In stede van die liefde**.- Tafelberg, 2005.

Van Heerden, Etienne. **Die stilte na die boek**.- Tafelberg, 2004.

Van Heerden, Etienne. **Die swye van Mario Salviati**.- Tafelberg, 2000.

Van Niekerk, Marlene. **Agaat**.- Tafelberg, 2004.

Van Rooyen, P. **Akwarius**.- Tafelberg, 2005.

Van Rooyen, P. **Die brandende man**.- Protea Boekhuis, 2002.

Van Rooyen, P. **Gif**.- Protea Boekhuis, 2001.

Van Tonder, Jan. **Roepman**.- Human, 2004.

Van Zyl, Dine. **Slagoffers**.- Tafelberg, 2001.

*Venter, Eben. **Horrelpoot**.

Von Meck, Anoeschka. **Vaselinetjie**.- Tafelberg, 2004.

Winterbach, Ingrid. **Niggie**.- Human, 2002.

*† In die proses van aankoop*

** Nie in Biblioteekdiensvoorraad*